



## Vreemde vaginale spoelmiddels maak die serviks net abnormaal

Die gebruik van vaginale produkte kan die dryfveer vir 'n hoë risiko vir MIV- en SOI-infeksies wees.

**Phumla Radebe** is 'n PhD-kandidaat aan die Universiteit van Kaapstad wat op vroulike genitale infeksies en seksueel-oordraagbare infeksies fokus.

**Further information:**

<https://onlinelibrary.wiley.com/doi/pdf/10.1111/j.1365-3156.2010.02687.x>

Die meeste adolessente vroue in landelike KwaZulu-Natal – 'n gebied met 'n hoë las van SOI's – voer tans vaginale praktyke uit of gebruik vaginale produkte om 'n verskeidenheid redes, soos om seksmaats te behou deur die vagina stewiger en warm te maak vir seksuele plesier, of vir vaginale higiëne.

Tydens adolessensie is die weefsel van die vagina egter broos omdat dit dun is en 'n vaatepoteel het. As seks-verbeteringsprodukte tydens geslagsomgang gebruik word, kan dit veroorsaak dat die serviks vatbaarder is vir beduidende inflammatoriese reaksies en die ontwrigting van die epiteelversperring. Dit kan aan SOI's, insluitend MIV, maklike toegang tot die bloed- en limfstelsel gee, en daar is 'n groter moontlikheid van beskadigde slymvliesversperrings. Om die groot lewenslange risiko vir ongewenste voorvalle te evalueer wat deur die gebruik van hierdie produkte veroorsaak kan word, ondersoek navorsers by die UK die voorkoms van vaginale produkte en selfgerapporteerde neue-effekte deur hierdie adolessente, en gevolglike servikale uitwerkinge (inflammasies, servikale ektopie, trauma, sigbare wit of abnormale afskeiding) wat deur hierdie vaginale produkte veroorsaak word.

“Ons navorsing sal die kliniese belangrikheid van hierdie produkte op die na ewe epiteelvoering beklemtoon en hopelik kennis oordra oor die gevolglike veranderinge wat hierdie vroue ervaar wanneer hulle hierdie produkte gebruik,” sê Phumla Radebe.



Die gebruik van vaginale produkte kan die risiko vir MIV- en SOI-infeksies verhoog.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtOfResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

